Wanneer God mense verander
Teks: Jona 3:1-10
Verbintenissondag – 25 Januarie 2009

Hannes Theron

Agtergrond:
Daar was in die 8ste eeu voor Christus werklik 'n profeet met die naam Jona ben-Ammittai. Dit was in die tyd van koning Jerobeam II van Israel (2 Kon 14:25). En juis hierdie Jona het aan Jerobeam voorspel dat hy die grondgebied van Israel sou herower. Dit was natuurlik woorde waarvan 'n ambisieuse koning soos Jerobeam sou hou. Jona was vir Israel die man met 'n nasionale visie.

Nineve was 'n stad wat baie emosies by die Israeliete wakker gemaak het. As 'n mens in daardie tyd vir 'n Israeliet sou vra wat hy onder Nivive verstaan, sal hy/sy waarskynlik dieselfde daarop reageer het op as jy vandag vir 'n Jood sou vra watter gevoelens die stad Berlyn in die jaar 1933 by hom/haar wakker maak. Reeds in 1100 voor Christus het die Assiriese koning gespog dat hy altesame 42 lande verower het. Die Assiriërs was berug daarvoor dat hulle hulle vyande lewendig in die sand begrawe het met net hulle koppe wat uitsteek! Dan het hulle "polo" gespeel met hulle koppe! Nie baie gawe mense nie! Geen wonder Jona is so huiwerig om na Nineve te gaan! Nineve was 'n vreeslike stad met verskriklike mense.

Teks (NAV bl 959):
Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom: [2]"Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee." [3]Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap. [4]Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!" [5]Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. [6]Die berig het ook by die koning van Nineve uitgekom. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere uitgetrek, rouklere aangetrek en op 'n ashoop gaan sit. [7]Hy het in Nineve laat proklameer: "Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie. [8]Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het. [9]Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie."[10]Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

Preek:
In die UK Times van 27 Desember 2008 het 'n baie insiggewende artikel van Matthew Parris verskyn onder die titel: "As an atheist, I truly believe Africa needs God". Matthew Parris was 'n boorling van Malawi en na 45 jaar is hy weer terug na Malawi vir 'n projek waarvan hy deel was. As ateïs was hy van mening dat mense nie werklik verander omdat hulle in God glo nie; of anders gestel: God verander nie mense nie. Wat mense verander, volgens hom, is die onderrig en hulp wat deur die kerke aan mense gebied is, nie die evangelie nie. Maar moet hy bely: Met sy besigheidsbesoek aan Malawi, is hy verkeerd bewys – God verander wel mense!! Die subtitel van die artikel is: "Missionaries, not aid money, are the solution to Africa's biggest problem!!" Wat 'n getuienis uit die mond van 'n ateïs!! Wat

hom oortuig het, is gelowiges met wie hy in Malawi te doen gehad het – hul lewe, hul integriteit, die vrede en blydskap wat hul uitgestraal het. God verander wel mense.

Ek wil vanoggend vir jou vra: Glo jy dit nog dat God mense verander? Glo ons dit nog as gemeente dat God 'n gemeenskap, 'n land kan verander? Glo ons nog dat God onsself kan verander? Dit is natuurlik 'n wesenlike vraag vir ons voortbestaan as gemeente. Soms wonder ek net hoeveel van ons dit nog wel met ons mond bely, maar eintlik al in ons hart en verstand besluit het: Mense verander nie, of anders gestel: God verander nie meer mense nie. Of nog veel erger: Ons wil eintlik nie hê dat hulle moet verander nie. Solank hulle is wat hulle is, kan ons op hulle neersien, eenkant hou, verwerp, beskinder en alleen op die morele hoëgrond staan. Dit is een van daardie vreemde verskynsels in die lewe: Solank my man, vrou, kind, vriend of groep aangaan my hul onaanvaarbare lewe het ek eintlik morele hoëgrond oor hom/haar/hulle.

Dit was onder andere die probleem met Jona. Omdat Jona, anders as Jesus van Nasaret, nie die ander liefhet nie, nie glo dat hulle kan verander nie, vlug hy weg van sy opdrag. Dit gaan nie daaroor dat hy die ander haat nie, maar om hulle positief lief te hê. Jona is aan die vlug vir die liefde. Dit is die liefde wat jou vry maak vir die leed van die ander. Dit is die liefde van God wat jou dring om by die ander betrokke te raak. Dit is wat die koms van Jesus Christus, sy kruisiging en opstanding so aangrypend maak: Liefde het Hom gedring om te doen wat Hy moes doen. Liefde vir die ander het Hom aan die kruis laat vasspyker. Liefde vir die ander het Hom laat sê: Soos die Vader My gestuur het, stuur ek vir julle ook. Liefde het hom gedring om vir ons alles te gee, Sy lewe te gee!! Maar Jona wou nie.

Ek moet iemand genoeg kan liefhê om met hom/haar te praat oor die evangelie. My ervaring is dat ek glad nie met iemand oor God kan praat as jy hom/haar nie werklik kan liefhê vir wie hy/sy is nie. Daar is 'n boek van Collins, The Equipping Pastor", op my boekrak waarvan die titel van die eerste hoofstuk lui: "Did you join the church?" Collins se argument in die hoofstuk is: Moenie eers as predikant probeer om 'n pad met 'n gemeente te loop as jy hulle nie werklik liefhet nie. Dit is waar vir elke predikant; dit is waar vir elke gelowige: Moenie eers probeer om met iemand oor God te praat as jy nie daardie persoon werklik kan liefhê nie. My gebed voor elke gesprek is: Here help my om hierdie persoon werklik lief te hê soos U hom/haar liefhet. As ons glo dat God ons roep na ons woon- en werkplek om daar saam met hulle die Koninkryk van God te beleef, dan is ons eerste opdrag om hulle lief te hê!!

Waar God aanvanklik vir Jona gesê het: "Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is." (1:2), sê Hy nou: "Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee."(3:2). Waar God Jona aanvanklik feitlik 'n blanko tjek gee, sê Hy nou: "Spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee". En dit kan seker ook nie anders nie: God sien die mense van Nineve vanuit die perspektief van die hemel. God sien wat al die verdrukking, geweld en magsbeheptheid aan hulle doen. Jona sien hulle as 'n versperring in sy weg. Die hemelse perspektief sien 'n kruis in die verte, maar die aardse perspektief sien 'n swaard in die hede. Die hemelse perspektief sien God se teenwoordigheid raak in 'n stukkende gemeenskap; die aardse perspektief sien net al die onheil.

Die boodskap van Jona wat hy van die Here ontvang het, is veelseggend: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!" Die vraag wat by my opkom is: Wat beteken God se oordeel? As jongmens het dit vir my te dikwels gelyk asof sommige gelowiges op 'n soort masochistiese manier genot geput het uit oordeelsprediking. Hoe slegter die prediker my sê; hoe skuldiger ek voel oor alles wat ek verkeerd doen of gedoen het; hoe beter was die preek. Hierdie soort verstaan van God spreek my nie aan nie. Maar hoe moet ek God se oordeel dan verstaan?

In die skilderkuns, ook in fotografie, word gesê: “As jy nie met skaduwees kan werk nie, kan jy ook nie met lig werk nie.” Dít is wat dit beteken om te staan onder die oordeel van God. Om onder God se oordeel te staan beteken om na ‘n plek gebring te word waar ‘n mens met die waarheid van jou lewe gekonfronteer word. Om onder God se oordeel te staan, is om te gaan waar jy nog nooit was nie. Dit is om die huis van skadu’s van jou eie lewe binne te gaan… Dit is om die moed te hê om die skadu’s van jou eie lewe te konfronteer. “Want as jy nie met skaduwees kan werk nie, kan jy ook nie met lig werk nie.”

Dit beteken dat God se oordeel vloei vanuit dieselfde bron as dié waaruit al sy ander Goddelike eienskappe vloei: Liefde, hoop, genade, vergifnis, en veral genesing. Om jou eie skaduwees raak te sien moet jy in die lig staan – God se lig. Op ‘n manier hoort lig en skaduwees saam. En dit is waar die waarheid van jou lewe gebeur. Almal skram maar weg van die waarheid van hulle lewens. Want die waarheid maak soms seer. Baie mense ontvlug. Ag, daar is soveel metodes: Drank, dwelms, ‘n geheime verhouding, my werk. Alles pogings om die skaduwees van my lewe te omseil. Mense wat bang is vir hulle skaduwees is wandelende dooies. As jy ophou foute maak, as jy ophou pyn voel … is jy dood.

In dié sin, is om onder die oordeel van God te kom staan, om te lewe. Om jouself opnuut en kragdadig daaraan oor te gee deur te sê: Ek wil lewe! in God se lig… al beteken dit dat ek my skaduwees teen die mure sien.

Om onder God se oordeel te staan beteken om eerder jou skaduwees te konfronteer as om ‘n vinnige ompad te vind. Dit beteken jy kies om te lewe met pyn en seerkry… eerder as om daarsonder te wees en te ontdek – iets in my het al lankal gesterf.

God konfronteer Nineve met hul skaduwee. En die gevolg: Mense begin hulle spontaan in sak en as klee en hulle vas. Jona kon maar omdraai. Die vuur is uit die hemel aangesteek en brand voort. God is met sy veranderingsproses besig. Die verhaal bereik ook die ore van die regeerders. Die burgers evangeliseer die regeerders bloot deur te doen. En die koning klim ‘n slag van sy blink troon af, gooi sy pragmantel op die grond, trek ‘n sakkleed aan en vaardig daar van astroon op die vloer ‘n dekreet uit, ‘n wet op bekering en boetedoening. Selfs die diere moet vas en bid.

Toe ek dit lees, toe sien ek al die volgende prentjie: Kerkleiers, gemeenskapleiers, politieke leiers, gemeentes en ouers wat ‘n slag net gaan stil word en sit in God se teenwoordigheid; bewus word van al die skadukante in onsself, in ons gemeenskap. Dalk moet ons net ‘n slag eerlike vrae begin vrae: Waarmee is ons besig? Wat is besig om rondom ons te gebeur dat jong meisies nie meer veilig in openbare plekke is nie, selfs nie in hul eie huise nie – dat meisies/vroue by onthale altyd op die uitkyk moet wees dat iemand nie iets in hulle drank gooi nie; dat hulle nie meer veilig en gerus op straat kan loop nie. Wat is ons besig om te doen dat baie kinders nie meer die huis as ‘n emosioneel veilige hawe ervaar nie; dat kerk- en gemeenskapsleiers nie meer vertrou word nie. Sal dit nie wonderlik wees as die regerende politieke party, met president en al, ’n slag van hulle trone afklim en oor die skaduwees in hulle midde nadink nie; ’n slag ophou om korrupsie en geweld goed te praat en te begin fokus op ‘n leiers wat met integriteit voorloop.

Die koning van Nineve wys dat bekering nie maar net die afhandeling van ’n paar seremonies is nie, dat dit nie net gaan om vir ’n paar dae in sak en as te sit nie – en dan maar weer soos voorheen te dink en te doen nie. Hy het besef om te vas, beteken om die ou lewenswyse af te sweer en ander waardes te kry. God het Nineve verander. God kan vir my, vir jou, die gemeente, die kerk, die gemeenskap en die politieke leiers, ons land verander. Hoe verander God ons: Hy verander ons denke! Paulus sê dit so mooi in Rom 12:2 “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle

verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is".

God verander nie net vir ons nie; God verander ook hier van plan. Ons lees in vs 10: "Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie". Jona het nie baie hiervan gehou nie. Hy het geweet God is genadig, maar hy het dit nie geglo nie. Dit is vir hom sleg dat God berou kry oor sy oordeelprofesieë. Maar intussen het God nie werklik verander nie. God was nog heeltyd die onveranderlike God. Dit is nie God wat onomkeerbaar die ondergang van die ander begeer nie, maar mense, soos Jona. Hoor net wat sê God vir Hosea (11:9): "Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie".

God verander my, mense, gemeenskappe, kerke, lande – daarom sal ek altyd bly hoop. Daarom is dit vir my lekker om deel van die kerk te mag wees – die instrument waardeur God onder ander vir my, mense en gemeenskappe verander.

Matthew Parris sê: "As an atheist, I truly believe Africa needs God". As gelowige bely ek: Ekself, die gemeenskap van die Helderbergkom, die land, Afrika en die hele wêreld het God nodig, baie meer as wat hulle dink. Saam met Matthew Parris wil ek ook bely: Ons en die gemeenskappe rondom ons het nie soseer meer hulp nodig nie – ons het sendelinge nodig; ons het gelowiges nodig wat dissipelsmakers is; ons het gelowiges nodig wat met 'n passie vir God en 'n hart vir mense leef; ons het gelowiges nodig wat besef God stuur ons na ons werk- en woonplek om dáár Sy teenwoordigheid te beleef en te verkondig. Ons het gelowiges nodig wat glo en weet: God verander mense; God verander gemeenskapppe; God verander myself!

Ons onthou nag almal die tema van Pres Obama se toespraak nadat hy tot president verkies is: Yes, we can! Ek sal eerder wil sê: Yes, God can!!